# Ek is… ’n Duisend redes hoekom ek hom kan liefhê.

## Ek is … Almagtig

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 2 Augustus 2026

### Openbaring 1:8

Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

### Die Almagtige… Die Pantokrator

Wat ’n stelling oor die goddelikheid van Jesus Christus, die begin en die einde, die Almagtige. Hoe tref hierdie titel, die Almagtige: die Pantokrator, ’n mens nie. Panto: alles en Krator: Heerser. Almagtige. Heerser oor alles.

Maar …

- As dit waar is, sou hierdie Een wat die Heerser is oor alle dinge nie net ’n kosmiese knoppie kon druk om siekte, pyn, oorlog, korrupsie, haat, wreedheid, ongelukke, en natuurrampe te stop nie?
- En as Hy dan die Pantokrator is, as Hy alles kan doen, en Hy stop nie die verkeerde nie, is Hy dan werklik goed?
- Of as Hy goed is en dit bitter graag wil stop, maar Hy kry dit nie reg nie, is Hy dan werklik almagtig, is Hy dan regtig die Pantokrator?

Dis ’n vrae wat na elkeen toe kom, gelowiges, soekendes. Vir Ateïste is dit ’n vrae waarop hulle eenvoudig antwoord dat daar nie ’n God is nie.

Vir elke gelowige is dit ’n krisis wanneer die lewe nie uitwerk volgens hoe jy die beloftes in die Skrif verstaan nie. En in die krisis kom die vrae onvermydelik:

- As God dan werklik almagtig is, waarom bewerkstellig Hy nie onmiddellik dat daar geen pyn, geen siekte en geen wreedheid en boosheid meer is nie?
- Hoe kan ek glo in ’n goeie, almagtige God terwyl die wêreld deur alle eeue heen verskeur word deur onreg en lyding?

Dis vrae waaroor soveel bladsye geskryf is dat dit honderde biblioteke kan vul, vrae wat in hospitaalgange, by oop grafte en in die hartseer van gebroke huise gevra word.

Vrae oor die almag van God… Daarom is dit duidelik dat indien ons seker moet maak oor wat die Skrif sê God se almag is en nie is nie. Wat is almag dan regtig? Sê vir Gód wat almag beteken, of wil ons hoor wat God sélf daaroor sê? Hoe praat God oor Homself? En dis wat ons

vanoggend wil doen, ons wil onsself neerbuig voor die Skrif se eie openbaring oor die Pantokrator se almag. Daarom gaan ek eintlik weer nie preek nie, maar poog om Skrifvers vir Skrifvers tot ons te laat spreek.

Kom ons begin deur te dink vra ...

**Is daar dinge wat God nie kan doen nie?**

Vreemd genoeg, beteken almag nié dat God enige ding kan doen nie. Een ding wat God byvoorbeeld nie kan doen nie is ...

- **God kan nie rasioneel-ondoenbare dinge doen nie.**

Dink aan die stelling. "As God almagtig is dan sal Hy enige iets moet kan doen, en daarom sal Hy 'n klip moet kan maak wat so groot is dat Hy dit nie kan optel nie."

Kan jy sien wat die dilemma is?

- Verdedig jy God se almag deur te sê Hy kan so 'n klip maak, dan sê jy Hy kan nie die klip optel nie, en daarom is Hy dan nie almagtig nie.
- Verdedig jy God se almag deur te sê Hy kan enige klip optel, dan sê jy hy kan nie 'n klip maak wat Hy nie kan optel nie. En weer is Hy dan nie almagtig nie.

God kan nie dinge doen wat inherent teenstrydig is nie, rasioneel-ondoenbare dinge. God kan nie 'n vierkantige sirkel maak nie. God kan nie 'n vakuum maak wat vol suurstof is nie. Nie omdat sy krag te min is nie, maar omdat 'n "vierkantige sirkel" en 'n "suurstofryke vakuum" inherente teenstrydighede is – dit is bloot 'n betekenislose kombinasie van woorde.

Net so kan God nie dinge doen wat lynreg teen sy heilige karakter ingaan nie. Die Skrif is onwrikbaar daaroor dat God heilig is, en dat daar daarom dinge is wat God nie kan doen nie. God kan nie teen sy eie wese op te tree. Ons het reeds verlede week gesien ...

- **God kan nie onregverdig wees nie**

Die Skrif sê ook ...

- **God kan nie lieg nie.**

God kan net in waarheid optree, Valsheid val nie binne sy vermoëns nie.

**Titus 1:2**

...in die hoop van die ewige lewe wat God, **wat nie kan lieg nie**, voor ewige tye belowe het.

**Numeri 23:19**

God is nie ’n mens dat Hy sou lieg nie …

**Psalm 138:2**

Ek wil na u heilige tempel toe buig en u Naam roem om u liefde en trou, want U het u Naam en u woord bo alles gestel. (You have magnified Your word above all Your name - Amplified Bible)

As God sou kon lieg, sou die hele fondament van die heelal uitmekaarval, want sy woord is die krag wat alles in stand hou. Sy almag beteken dat wat Hy sê, is, dit staan vas – bedrog is vir Hom ’n onmoontlikheid. Indien ons dit nie glo nie, kan ons maar verdaag en nooit weer kerk toe kom nie. Verkoop al hierdie geboue. Ons speel speletjies. Alles is ’n leuen. Gooi weg jou Bybel.

- **God kan nie versoek word deur die kwaad nie.**

God se mag is nie ’n neutrale krag wat vir goeie of bose doeleindes ingespan kan word nie; Sy mag is geheel en al, wesenlik heilig.

**Jakobus 1:13 (OV), 16-17 (LB)**

13Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie; want God kan nie versoek word deur die kwaad nie, en Self versoek Hy niemand nie […] 16My liewe broers, oor hierdie saak moet julle julle tog nooit om die bos laat lei nie. 17Alles wat ons in die lewe ontvang wat mooi en volmaak is, kom van die Vader in die hemel af. Hy is die God wat die lig geskape het. Hy kan nooit verander nie, en daar sal nooit donkerheid by Hom wees nie—selfs nie eers ’n skaduwee nie.

**1 Johannes 1:5**

Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.

- **God kan nie ophou bestaan nie.**

Sy almag sluit in dat Hy die bron van lewe self is, en daarom is Hy nie onderworpe aan die dood of verval nie.

**Psalm 90:2**

Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God.

**Psalm 102:27-28**

Hulle sal vergaan, maar U sal bly… maar U bly dieselfde en u jare het geen einde nie.

**Jesaja 40:28**

Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? ’n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.

God se almag beteken dat Hy die "Ek is" is – die Een wie se bestaan nie afhanklik is van enige eksterne krag of oorsaak nie. Hy kan nie nié bestaan nie.

God se almag is dus, Goddank, beperk. Dit kan nie verkeerd handel nie, dit kan nie irrasioneel handel nie. Dit doen altyd reg en goed. Dit is die nie-onderhandelbare basis van almag soos die Bybel dit beskryf, dit is ons vastigheid en ons hoop. Die Almagtige God doen altyd reg en goed.

Maar as dit so is …

**Waarom gryp die Almagtige nie in nie? Die vrye wil van mense …**

Hoekom keer God dit nie dat dinge gebeur wat nié goed is nie? Hoekom keer Hy nie dat oorloë uitbreek nie? Hoekom wis Hy nie dwelmhandel uit nie? En so kan ons aangaan. En natuurlik kom baie van sulke vrae neer op hoekom God nie keer dat mense kies om verkeerd te doen en ander benadeel nie. Ons moet daarom praat oor die vrye wil van mense.

Daar is geen twyfel dat ons in die Skrif en in die lewe ’n bestel sien waar vrye wesens werklik bestaan. God eht ons geskep met ’n vermoë om “ja” of "nee" te sê vir sy wil. Selfs al is die gevolge boos en wreed en vernietigend, al ly onskuldiges daaronder. Die lewe is nie soos Jim Carey se karakter in die fliek Liar Liar wat skielik agterkom hy kan nie meer ’n lieg nie, al wil hy, want iets het gebeur dat wanneer hy ’n leuen wil vertel hy self hoor hoe hy net die teenoorgestelde doen. Maar dis ’n fliek. As God die moordenaar se hand elke keer sou verlam voordat hy die sneller trek, of as Hy die koeël in die lug sou verander in ’n Marshmallow, dan sou vrye wil ’n klug wees. Die wêreld sou ’n poppekas wees waar die toneel elke keer oorbegin of gekanseller word as daar ’n fout in die vertoning kom.

C.S. Lewis stel dit só in *The Problem of Pain*:

"God created things which had free will. That means creatures which can go either wrong or right. Some people think they can imagine a creature which was free but had no possibility of going wrong; I cannot. If a thing is free to be good it is also free to be bad. And free will is what has made evil possible.

Why, then, did God give them free will? Because free will, though it makes evil possible, is also the only thing that makes possible any love or goodness or joy worth having. A world of automata—of creatures that worked like machines—would hardly be worth creating. The happiness which God designs for His higher creatures is the happiness of being freely, voluntarily united to Him and to each other in an ecstasy of love and delight compared with

which the most rapturous love between a man and a woman on this earth is mere milk and water. And for that they must be free.” (C.S. Lewis)

En as ons vry is om te kies dan het ons keuses gevolge. As ’n regering en ’n leier oorlog kies, dan begin ’n oorlog. En dan sterf onskuldige mense. As iemand kies om te steel, word ’n onskuldige benadeel. Dis die harde werklikheid van die lewe.

God, in sy wysheid, in sy almag, EN in sy liefde, het gekies dat dít die beste soort wêreld is: ’n wêreld waar mense kan kies om lief te hê en reg te doen, of nie. God handhaaf sy keuse om so ’n bestel te skep. As God sou ingryp en elke verkeerde of bose besluit onmoontlik maak, sou Hy die menswees wat Hy geskep het, moes uitvee, uitwis. Hy het geoordeel dat ’n wêreld van vrye wesens wat vrylik kan liefhê, die enigste wêreld is wat die skepping werd is.

Hy het ons gemaak om te kan kies...

**Deutoronomium 30:19-20**

19Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

20deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae...

Oor en oor sien ons dat God nie die rebelse wil van ’n mens elimineer en sý goddelike wil afdwing nie. Selfs al pynig sulke besluite vir God self.

Jesaja gee ’n beeld van God in ’n wêreld waar mense teen Hom kies, en dis nie van ’n onverskillige tiran nie, maar ’n God wat met uitgestrekte hande staan en wag, sonder om mense wat keuses maak wat hulle eie ondergang gaan meebring te dwing om Hom te gehoorsaam ...

**Jesaja 65:2**

Ek het die hele dag my hande uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan.

Almag wat Homself beperk tot ’n liefdevolle uitnodiging, maar sonder dwang.

So sien ons Jesus in ...

**Matteus 23:37**

Jerusalem, Jerusalem... hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaar maak, en julle wou nie!

"Ek wou... en julle wou nie." Jesus, die Almagtige ween oor die verwoesting wat ons oor onsself bring. Hy respekteer ’n mens se "nee", selfs al breek dit sy hart.

Maar die vrye wil geld nie net vir die mens nie. Die Skrif leer ons van 'n kosmiese rebellie. Nie van 'n ander God, ewige magtig as die Drie-Enige God nie, maar van 'n magtige geskape hemelse wese wat ook geskep is met 'n vrye wil. Een wat teen God, teen waarheid, en teen liefde gekies het.

**Waarom gryp die Almagtige nie in nie? Die vrye wil van die Bose ...**

Van hierdie wese praat Jesus wanneer die Joodse leiers Jesus teenstaan:

**Johannes 8:44**

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

Dis baie belangrike inligting. Daar is 'n wese met groot invloed, hy het volgelinge, en sy besluite teen God se wil was die begin van alle moord en leuens. Jesus sê: "...hy praat uit sy eie..." Die ellende op aarde, die leuens en moord, dis uit sy eie, hy is die bron, die oorsprong. Ook sê Jesus in...

**Johannes 10:10**

Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Dief, leuenaar, moordenaar... En kyk wat noem Paulus hierdie Bose wese ...

**2 Korinthiërs 4:4**

...die ongelowiges in wie **die god van hierdie wêreld** die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.

Johannes beaam wat Paulus sê ...

**1 Johannes 5:19**

Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is.

Die Bybel is dus baie duidelik dat ons in 'n bestel lewe, dis ons realiteit, 'n bestel waarin bose wese en sy volgelinge met 'n bose agenda geweldige beheer en invloed uitoefen met katastrofiese gevolge. Hierdie wese was deel van 'n hemelse bestel waar hy 'n vrye wil gehad het, en teen God gekies het. Nou is hy deel van 'n aardse bestel, en weens sy invloed gebeur dinge in hierdie wêreld wat nié God se wil is nie.

Ons leef nie in ’n neutrale wêreld nie. In Openbaring beskryf Johanees met apokaliptiese beelde wat ons situasie in hierdie wêreld is …

**Openbaring 2:7-12**

7Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer, 8maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, 9want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom. (4Sy stert het ’n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi.)

10Toe het ek ’n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: “Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

11Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam

en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

12Daarom, hemel en dié wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende omdat die duiwel na julle toe gekom het met groot woede en met die wete dat hy min tyd het.”

Hemellinge wat verkeerd gekies het. Die gevolg is ’n wêreld wat nie net deur menslike sonde besoedel is nie, maar wat in ’n staat van kosmiese oorlogvoering verkeer.

En die effek hiervan is ’n stukkende bestel, selfs ’n stukkende planeet. Die wêreld is nie nou soos God dit oorspronklik bedoel het nie. Dit is in "slawerny van verganklikheid” sê Paulus. Siekte en dood, plae, peste en rampe is die indringers in ’n goeie skepping. ’n Planeer wat volgens Genesis 3 ook onder God se vloek sal verkeer tot die herstel van alle ding

**Romeine 8:20-22**

20Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe—nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het —

21in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid […]

22Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.

23En nie alleen dit nie, maar […] ons sug ook in onsself in afwagting van … die verlossing van ons liggaam.

24Want ons is gered in hoop …

**Wat help dit dan in ’n wêreld soos hierdie om nog te bid?**

As God Homself beperk tot die reëls van hierdie bestel waarin vrye wil en die gevolge van die sondeval 'n realiteit is, maak dit dan nog sin om te bid? Maak dit saak of jy naby Hom leef as die koeël steeds kan tref en die siekte steeds kan toeslaan?

Die antwoord is 'n onteenseglike: Ja. Nie omdat gebed en gehoorsaamheid 'n towerstaf is nie, maar omdat nabyheid aan die Skepper by verre die beste lewe bied, te midde van aanslae, krisisse, en selfs onbeantwoorde gebed.

Toewyding aan die Here, 'n wandel met Hom, het nog nooit enige gelowige se krisisse groter gemaak nie. Die teendeel, dit bied 'n dieper lig en vrede te midde van donkerte en stryd. Dit bied 'n groter en dieper innerlike lewe te midde van 'n lewe waar my uiterlike mens besig is om te vergaan. Ons weet, hierdie wêreld soos dit nou is, en hierdie liggaam, is in 'n toestand van verval.

**2 Korinthiërs 4:16-5:2**

16Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe.

17Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid;

18omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

5:1 Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.

2Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word ...

Paulus sien die toekoms. 'n Tyd wanneer alle dinge herstel is. Maar dit is nie al nie. Ons is nou in die nou. Ook Paulus het vir sy probleme, en ander in hulle siekte en krisis gebid, soms het hy wonderlike dinge gesien gebeur. Soms het dinge nie verander nie.

Want toewyding is nie 'n vrywaring teen pyn nie, maar dit is die pad van wysheid. Om summier op te gee om God te vertrou, bloot omdat dit nie alle teleurstelling sal voorkom of alle krisisse oplos nie, sal jou al verder van God af neem. Jy deel nie meer jou hart met Hom nie. Jy maak nie meer die deur oop vir innerlike krag nie. Jy verloor jou vreugde. En boonop gee jy op vir die moontlikheid van deurbrake. Hoe is dit 'n beter pad? En boonop maak jy jouself dan meer kwesbaar vir die aanslae van jou vyand...

**1 Petrus 5:7-9**

7Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

8Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

9Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof ...

Nee, ons raak nie maar net fataliste wat sê dit wat dan met my moet gebeur moet maar gebeur, ek kan tog niks daaraan doen nie. Ons leef met ons vertroue in die Here...

**Psalm 91:1-2**

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal sê van die Here: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.

Die belofte is nie dat die gevare nie bestaan nie, maar dat daar ’n skuilplek binne die storm is.

**Spreuke 3:1-2**

My seun, vergeet my onderwysing nie... want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder.

Dit bly die logika van die skepping: Gehoorsaamheid verminder die pyn wat jy jouself op die hals kan haal. En as die pyn wel kom, is daar die belofte van

**Jesaja 43:2**

As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere — hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur die vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie...

Ek is by jou. En dit maak die groot verskil. Twee mense kan deur presies dieselfde pyn gaan, maar een leef met Jakobus se raad en die ander nie...

**Jakobus 4:8**

Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.

Elke keer as jy besluit om tot God te nader, en nie maar net aangaan in die onstuimigheid asof God jou nie kan help nie, gebeur iets, sê Paulus...

**Filippense 4:6-7**

6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Kom ons sluit af. Jesus stuur sy dissipels uit om vir mense te gaan vertel en vir hulle te bid. Die dissipels kom terug en doen oorstelp van vreugde verslag ...

**Lukas 10:17-20**

17En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.

18Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos ’n bliksem uit die hemel sien val.

19Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

20Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskryf is.

Hulle het pas ’n groot deurbraak beleef. Maar Jesus maan hulle, “Moenie dat geestelike oorwinnings, selfs wonderwerke bepaal hoe julle glo en voel nie.

As oorwinnings oor ellende en boosheid in die wêreld die anker van julle hoop is, gaan julle dit nie maak nie.

Sommige van hulle sou vermoor word omdat hulle glo. Sou gemartel word en jonk sterf. Jesus sê dat ons enigste anker in ’n boek moet wees. Daardie boek waarin my naam geskryf staan omdat ek Hom volg en liefhet. Ongeag watter oorwinnings of watter terugslae ek beleef.

En so kom ons weekliks. Here, U wat vir My gesterf het, my hoop is altyd op U. Ook in ’n wêreld waarin U gemartel en vermoor is. Niks kan my skei van u liefde nie.

Ek glo dat U ook vir my sê

**Johannes 16:33**

33Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.”